# Skryf met jou sintuie ...

## en ander wenke by die skryf van tydskrifkortverhale

***Maretha Maartens***

## 1. Inleiding

Dikwels word die volgende vraag deur voornemende skrywers gevra: *As jy graag wil skryf en 'n mate van talent openbaar: wat behoort een van jou eerste voornemens te wees?* Hierop behoort 'n moontlike antwoord die volgende te wees: *Hierdie voorneme bring jou, indien jy dit uitvoer, by die fase waar netjiese woorde bloed, vel, reuk en hart kry.*

Miskien help dit om, ter wille van praktiese illustrasie, hierdie antwoord met 'n voorbeeld toe te lig, want om te skryf, impliseer dat jy jou sintuie moet inspan.

### Ervaar deur jou sintuie

Daar is 'n vis in baie verskillende pastelkleure: poeierblou, roospienk, turkooisgroen, roomwit: ek dink dis 'n ekstrovert. Hy bly teen die venster van die observasietenk in die ondersese oseanarium van Eilat aan die Rooi See verbyswem. Daar is leeuvisse – hier by ons noem ons hulle duiwelvisse – wat soos reusespinnekoppe in die koraal sit.

Wonderlik!

Jy voel moeë voete aan die onderpunte van jou bene.

Jy voel verwondering in jou kop en gretigheid om méér te sien in jou oë. Jy sit nie voor 'n TV of rekenaarskerm nie. Dis eerstehands. Of is dit?

As jy net hierna gaan snorkel, voel en beleef jy die volgende: geswelde voete, nog stowwerig van Berséba se stof, wat nie in die no. 8-paddavinne wil inglip nie; die urinereuk van die klein toilet waarin jy verklee, die skielike lugleegte wanneer die waterbril oor jou neus gepas word. Jy gaan see toe en iemand sê jy moet in die bril spoeg,

agterstevoor in die see instap, eers in vlak water sit, die gevoel van die bril en mondstuk gewoond raak. Dit werk nie; seewater stoot by die bril in, jy is in 'n klein verdrinking. Mense help jou, oë gretig om jou die volle ekstase van snorkel te laat beleef. Jy sukkel, sukkel, seewater bly inkom. In jou kop is elke herinnering aan kleintyd se lompheid, *outsider* wees. Dan, meteens, geen water, net helder visie, lug in jou longe. Jy begin swem, waterhond.

Die pastelvis is daar, vlak by jou, aanraakbaar. Daar is swartpen-stekel-see-anemone, 'n groot, giftige klipvis vlak teen die bodem. Daar is skole sardyne, pers en swart Triggerfish, sebrastreep-skoenlappervisse, Rooisee-naaldvisse, geelstert-barracudas, kroon-skoenlappervisse, koninklike engelvisse, Anthiasvisse, krappe en krewe, see-anemone, seeperdjies, klein seekatte, leeuvisse, geelsaal-bokvisse, Domino Damselvisse. O, gits, jy's heeltemal te na aan die swartpen-stekel-anemone. Iemand het gesê as hulle jou steek, sweer dit soos niks wat jy al ooit teëgekom het nie.

Jy beleef:

- die bleekwit verrimpelde voorkoms van jou hande in die yskoue seewater;
- die heerlikheid van lug deur die snorkelpyp;
- vrees, ekstase, die hart van 'n pionier, 'n waarskuwende geklop-klop in die water: daar is 'n motorboot met vakansiegangers in aantog: jy het te ver uitgeswem.

Jy beleef salige eensaamheid. Jy is heeltemal alleen met jouself. Daar is gedagtes wat deur jou tuimel: bo jou is die ryk van die lug, anderkant die waters is daar die ryk van die aarde, hier waar jy nou is, is die ryk van die waters. Drie ryke, saam die koninkryk. Jy beleef 'n wete: hierdie was 'n rite, 'n deurgang, 'n intens persoonlike deurbreek na die onbekende.

Later kry jy koud, asof elke orgaan in jou bewe. Jy moet teruggaan land toe: vaarwel of tot siens, Rooi See?

Skielik is jy terug in jou landliggaam: jy is gekonfronteer met die lompheid van jou lyf. Jy trek die paddavinne af, sukkel oor die skerp klippe terug strand toe, geïrriteerd oor jou stad-seer voetsole. Jy moet terugkeer tot wie jy in die ander lewe is: 'n ouma, 'n man se verouderende vrou, 'n stemmige tantetjie voor 'n rekenaar.

* * *

Ek wil dus benadruk: Beleef die lewe sintuiglik, volledig. ’n Skrywer – of jy nou kortverhale of die instruksies vir die aanmekaarsit van ’n badkamerkassie skryf, skryf net beter wanneer ervarings deur jou sintuie gegaan het. Daarom ook skryf T.H. Vischer dat “’n ontsaglike meerderheid skrywers met toegestopte ore skryf”.

Skrywers in Suid-Afrika leef in ’n wonderlike tyd: ons kan in kontak kom met elf, twaalf etniese groepe, ons leef in ’n land van klimaatsuiterstes. Ons ken die elemente; ons kan daaroor skryf. Kennis is geredelik beskikbaar, ons beskik oor gerieflike vervoer, Suid-Afrikaners kan vryelik beweeg, ons woon in ’n wêreld in een land. Ons leef in ’n land met ekosisteme waarvan ander slegs maar lees; elke streek en elke township hier het sy eie stories. Daarby het ons iets wat jy op geen moltrein oorsee teëkom nie: die openheid van die mense van ons land. Ons mense maak hul harte oop; hulle beskik oor ’n sin vir humor – ook die byna immorele kurkprophumor waarvoor ons berug geword het. (Ná groot rampe en skokke hoor jy die kurkproppe skiet: grappe ná die Helderbergramp, grappe oor apartheid, grappe ná krieketskandale en die egskeidings van politici ...)

## 2. ’n Nie-terloopse terloops

Die See van Galilea in Israel word ook genoem die ovaal-see. Hierdie binnelandse see word gereeld geteister deur hewige storms. Toergroepe, egter, word geestelik geseën op dae wanneer hulle op kalm waters op die see uitgaan. As die see stil is, kan mense wat daarop vaar, dink, peins, bid, mediteer, tot verhaal kom.

Iewers in elkeen van ons – dalk net bo ons wenkbroue of in die middel van ons borskas – dra elkeen van ons ’n eie ovaal see. In hierdie kol word alles wat in ons gees aangaan, voelbaar: storms en wilde golwe of ’n blou spieël.

Ons kan skryf terwyl die eie see stormagtig is, ja, maar die eindresultaat is altyd te emosioneel, te subjektief, die temas en die aanslag te eensydig.

Ons kan dit nie waag om die geskrifte wat in storms ontstaan het, dadelik weg te stuur nie. Ons moet hulle laat lê totdat die see weer kalm geword het, sodat verstand en wysheid dit wat ons in die storm geskep het, tot kuns kan beitel. Wat Wordsworth se gevleuelde uitspraak aangaande poësie in herinnering roep: “True poetry is powerful emotion recollected in tranquility”.

Die ovaal see in Israel bly nie stormagtig nie; dit sou nie normaal gewees het nie. Insgelyks behoort geen skrywer maande lank met 'n onopgeloste persoonlike storm in die binneste te loop nie. Persoonlike storms waaraan ons nie die nodige aandag skenk nie, doen skade aan ons kreatiwiteit. By trauma-sensitiewe siele vernietig dit alle potensiaal.

Langtermyn-neerslagtigheid, die gevoel van vasgekeerdheid, intimidasie, 'n bestaan van *fight, fight, fight* is 'n bestaan waarin jy van jou kreatiwiteit gestroop word.

Skrywers moet pyn en woede beleef. Hulle word geseën met verliese en droefheid; hulle moet dikwels in die donker dieptes kom om dit byna sintuiglik te kan beleef. Maar die duisternis en die trauma moet nie in hulle vasgroei nie. Storms wat onbepaald aanhou, doen skade wat later nie meer herstel kan word nie.

Hierdie skade is die tragedie van onvervulde potensiaal.

* * * * *

## 3. Opmerkings oor die skryf van tydskrifkortverhale

- **Kies 'n interessante invalshoek**

Die eerste plig van 'n onbekende skrywer is om interessant te wees. Om vervelig te wees, is die voorreg van reeds beroemde skrywers.

Daarom moet die eerste paragraaf die verhaleredakteur se verbeelding aangryp. Gewoonlik begin jy nie by die begin nie. Jy het hierdie storie van Selina van die Transkei wat haar man by die goudmyne in Welkom wil gaan opspoor omdat die kos opgeraak het. Jy vertel nie chronologies van hul verhouding, die besluit dat hy in Welkom moet gaan werk, die lewe in die Transkei, die verarming, haar besluit om hom te gaan soek, hoe sy inpak en op reis gaan nie. In die eerste paragraaf begin jy dalk só:

> Sy vlek haar rok oop, wyd, soos wat sy die vroue langs die hoofpaaie sien doen het. Die vragmotor dreun nader; sy onderskei twee koppe in die stuurkajuit.
>
> Sy dans met haar geswelde voete, gooi haar dooie liggaam vir die vragmotorbestuurder en sy maat.
>
> Laai my op! Ek moet by Sidwell, die man wat my vergeet het, uitkom!

Hierna kan jy in enige rigting beweeg: agtertoe, na die aanloop tot hierdie moment, vorentoe, na waar Sidwell woon en werk.

- **Skryf 'n storie waarin die hele web roer**

Hennie Aucamp sê altyd dat stories soos die webbe van spinnekoppe is. Trek jy een draadjie, moet die hele web roer. Niks wat jy skryf, word as versiering, dekorasie of vuller daar ingewerk nie. Lees die boek "Ester" in die Bybel – 'n storie waarin die hele web roer, waar jy ook al trek. Mordegai voorkom 'n komplot teen die koning, maar wil ook nie voor Haman buig nie; Haman beplan 'n vergeldingsteregstelling en stap in die nag by die koninklike paleis in, waar die koning 'n slapelose nag vol verheldering beleef ...

'n Perfekte storie vir elkeen wat kohesie, struktuur en intrige wil bestudeer!

- **Stroop, sny, snoei, verminder**

Aangaande emosie: hoe meer intens die emosie, hoe minder die woorde, veral die byvoeglike naamwoorde en bywoorde. Toets maar self: jy kry 'n telefoonoproep dat jou huis afgebrand het.

Sou jy sê: '"My huis? Maar dit is dan die huis wat ons na soveel beplanning en soveel jare se spaar gebou het! Hoe het ons nie gedroom van 'n gesinskamer nie ..."

Of sou jy sê: "Wát?"

In kortverhale is die sleutelwoorde: stroop, sny, snoei, verminder.

- **Iets moet gebeur**

Veral vir vroueskrywers: alles gebeur nie in die kop nie. Ons vroue skryf tog so graag oor gedagtes en ons laat ons karakters praat, praat, praat. Al ons karakters is erg denkende tipes.

Veral in tydskrifkortverhale moet daar iets gebeur. Situasies moet verander. Mense het familie, vriende. Mense stap in die stof, word deur die wind verniel, doen sonbrand op. Hulle proe, voel, beweeg, verskuif.

Daar is grond onder hul voete, daar is ander mense met hul eie liggaamsreuke om hulle. Hierdie mense lewe nie slegs akademies, intellektueel en filosoferend nie.

In *Vergelegen* skryf D.J. Opperman: "U moet minder op boeke en meer op mense let". Ons kan sommer ook meer op die voëls, die insekte, die landskap, die klippe en die ronding van die aarde let.

- **Dinge wat vermy moet word**

In tydskrifkortverhale vermy ons: politiek, diep filosofieë en teorieë, dinge wat godsdienstige verdeeldheid kan beteken: kleindoop, grootdoop, die Toronto Blessing, die wegraping ens. Die redakteur wil nie lesers verloor nie; ons is sy vennote.

- **Die lengte van 'n tydskrifverhaal**

Die lengte van die meeste tydskrifverhale is: 2 bladsye, 10 000 karakters (met spasies); 3 bladsye: 15 000 karakters (met spasies). Vir dié wat nog nie weet nie: *Tools* op jou skerm bring jou by woordtelling (*word count*) en woordtelling (*word count*) by karakters uit.

- **Skryf in normale volsinne**

Smaak verskil, maar 'n hele paar verhaleredakteurs sê hulle het nie die krag om met dinge soos die volgende te worstel nie:

> Hy weet wanneer daar moeilikheid aankom. *Soos wanneer sy daar sit.*

As jy dit met jou skryfwerk wil máák, skryf in normale volsinne, totdat jy beroemd genoeg is om met moord en swak sinskonstruksie te kan wegkom.

- Die **perspektief van een persoon werk beter**

Die meeste tydskrifverhale werk die beste met twee tot vier karakters daarin, liefs nie 'n rolverdeling soos van Jakob en sy twaalf uiteenlopende seuns nie. Kies een karakter en laat dié persoon voel, proe, beleef, dink, ander waarneem, ander evalueer, emosioneel op impulse reageer. Sodra jy in 'n tweede karakter se kop begin inklim en sy gedagtes begin weergee, moet jy die rooi ligte sien flikker. Jy hoort nie daar nie, jou perspektief het verskuif. Hierdie soort perspektiefverskuiwing kan in romans, waarin daar groter beweegruimte is, gedoen word. In kortverhale werk een perspektief beter.

- **Om 'n storie te kan vertel, moet jy 'n storie hê**

Maak vooraf seker dat jy 'n lekker storie het en skryf dit so goed jy kan. Moenie dink jy kan dit op ys plaas nie; ons verloor kosbare stories langs die pad omdat ons nie dadelik aan die werk spring nie. Elke dag van jou lewe tot dusver was 'n opeenvolging van krisisse, pligte, katastrofes en verantwoordelikhede. Die lewe vorentoe gaan net so lyk. Maak dus tyd om te skryf, ondanks die krisisse, pligte, katastrofes en verantwoordelikhede.

Geen skrywer spring hierdie dinge vry nie.

Die verskil tussen skryf en nie skryf nie is presies dat sommige skryf en sommige nie skryf nie.

- **Stel jouself opnuut bloot aan die lewe**

 'n Digter moenie lank tussen dieselfde mense woon maar afskeid neem van plekke en persoon sodat hy eensaam swerwend nuwe vergesigte sien en in sy swerflingskap suiwer die kuns kan dien (D.J.Opperman, in *Periandros van Korinthe*).

- **Skryf is 'n alleending**

Weet dat jy met minderwaardigheidsgevoelens sal worstel, dat niks ooit goed genoeg sal voel nie. Tog moet jy aanhou. "Skryf is 'n alleending, 'n koppige ding, 'n individuele ding ..." – P.G. du Plessis.

- **Wat is deesdae taboe?**

Eintlik kan daar oor alles geskryf word. Een van die beste kriteria waarvolgens pornografie van kuns onderskei word, is die volgende: "In die pornografiese boek is die seksuele episode nie geïntegreer in die geheel nie" – F.I.J. van Rensburg (*Beeld*, 12 Jan. 1982).

Daar is nie taboe-onderwerpe nie.

Daar is slegs goed en swak geskrewe boeke.

- **Hoe toets ek of my storie werk?**

Ek lees dit hardop voor, vir iemand wat sal luister of vir myself. Die groot vereiste vir 'n tydskrifkortverhaal is immers dat dit leesbaar moet wees.

 'n Ontwikkelde gees beoordeel 'n boek / verhaal nie net aan die gedagtes wat dit bevat nie, maar ook aan dié wat dit opwek – *Fliegende Blätter.*

- **En as die meesterstuk terugkom?**

Soms kry ons ons meesterstukke terug. In China het 'n uitgewer die volgende brief aan die teruggesende manuskrip geheg:

 We have read your manuscript with boundless delight. If we were to publish your paper, it would be impossible for us to publish any work of lower standard. And as it is unthinkable that in the next thousand years we shall see its equal, we are, to our regret, compelled to return your divine composition, and to beg you a thousand times to overlook our short sight and timidity (aangehaal in die *Financial Times*).

En Samuel Johnson doen dit só: "Your manuscript is both good and original, but the part that is good is not original, and the part that is original is not good."

Fynskrif: Hou dit oorspronklik, doen dit goed en hou moed!

Skryf is 'n paradoksale ding. Dit is om die lewe self op papier te probeer vaskeer. En dit is om wat die lewe jou aandoen, uit jou sisteem te kry. Dit is selfkastyding en dit is al wat jy wil doen, heeldag, aldag, totdat jy sterf. Jy voel om te bid dat daar in die hemel werk vir skrywers sal wees, want hoe anders kan dit hemel wees?

**Kernbegrippe:**

sintuiglike indrukke
skryf van kortverhale vir populêre tydskrifte

**Key concepts:**

sensory impressions
writing short stories for popular magazines